SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za
Tel: (012) 808-9300
Faks / Fax : 087 220 2729

Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

07 April 2022

# POMPAKSIE EN SEMI-OUTOMATIESE SPOEDSKIET HAELGEWEEROEFENING (SG11)

TAK VLAK

## Inleiding

SA Jag Sportskiet het die haelgeweer spoedskietoefening ontwikkel om vir lede met semi-outomatiese en pompaksie-haelgewere die geleentheid te bied om spoedskiet en vaardige hantering van ʼn haelgeweer te kombineer.

## Takvlak

| | | |
|---|---|---|
| Skietbalkies: | Brons: | **120 uit 200** |
| | Silwer: | **140 uit 200** |
| | Goud: | **160 uit 200** |

## Afstand

15m, 20m

## Toelaatbare vuurwapens

Slegs semi-outomatiese en pompaksie-haelgewere mag gebruik word. Slegs 12Ga, 16Ga, 18Ga, en 20Ga kalibers mag gebruik word. (Looplengte onbeperk)





NATIONAL RIFLE ASSOCIATION · NATIONAL RIFLE ASSOCIATION FOUNDED 1860 · IGRF · IUCN | Member · INTERNATIONAL HUNTER EDUCATION ASSOCIATION IHEA Responsible Hunting

**Ammunisie**

Slegs nommer 3 tot 9 haelgrootte is toelaatbaar.

**Aantal rondtes benodig**

10 rondtes

**Visiere en teleskope**

Daar is geen beperking op die gebruik van visiere en teleskope nie. 

**Unieke veiligheidsmaatreëls**

Baanoffisiere moet verseker dat die afstande korrek is en dat skuts die verpligte oor- en oogbeskerming dra.

**Skietoefening**

**10 Skote (Totaal van 200 punte)**

**Oefening**

Hierdie oefening bestaan uit twee stelle van 5 skote elk, insluitend die herlaai.

1. 5 skote op 20m
2. 5 skote op 15m

**Skietposisie**

Die staande skietposisie is verpligtend. Geweerbande is toelaatbaar.

**Oefeningproses**

Skuts roep *GEREED* nadat die haelgeweer met hoogstens 5 rondtes gelaai is; die haelgeweer is in die gereedheidsposisie (45 grade) met ’n leë kamer.

Nadat *GEREED* geroep is, begin die baanoffisier die skietoefening met ’n tydhouer of met die blaas van ’n fluitjie en stophorlosie.

Skuts vuur skote na die 20m teiken, herlaai 5 rondtes (haelgeweer se loop wys teen 'n 45 grade invalshoek na die keerwal) en gaan voort om 5 skote na die 15m teiken te vuur.

Die horlosie stop wanneer die laaste skoot (10de) gevuur is.

**Teikens**

10 x staalplate (minimum 200mm x 200m en maksimum 300mm x 300mm)

Staal valplate moet na die skuts wys.

Staal valplate mag na nader nie as 500mm en nie verder nie as 1m van mekaar af geposisioneer wees.




**Skietbaanreëls en standaardbevele**

Verwys na *Skietbaanveiligheidsreëls vir Deelnemers* en *Standaardbevele op die Skietbaan* vir laai, herlaai en veiligheidsmaatreëls.

**Telling**

Elke teiken wat val, tel **20 punte**. Tyd wat die skut gebruik het om sy 10 skote te skiet, word afgetrek om die finale telling te bepaal. Daar is nie negatiewe tellings vir teikens wat misgeskiet is nie.

**Voorbeeld**

7 teikens omgeskiet = 140 punte [7 x 20 punte]

Totale tydsduur = 36 sek

Eindtelling: 140 – 36 = 104 punte

**Finale Telling:** 104 ÷ 2 = 52%